Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NOORDWES PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## VRAESTEL 2
## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 40**
**TYD: 1 uur**

**LEERDER:** ____________________________________________________________

**SKOOL:** ______________________________________________________________

**DISTRIK:** _____________________________________________________________

**AREA KANTOOR:** _______________________________________________________

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**Instruksies aan leerder.**

1. Beantwoord al die vrae op die lyne wat verskaf word.
2. Skryf netjies.
3. Lees die vrae noukeurig deur voordat jy dit beantwoord.
4. Die tydsduur van die toets is 1 uur.
5. Jou onderwyser mag nie die vraestel vir jou lees nie.

Praktiese oefening

1. Kies die antwoord deur die korrekte letter te omsirkel.

   Daar is ___________________ provinsies in Suid-Afrika.

   A ses
   B twee
   C drie
   D nege

   Jou antwoord is korrek as jy die letter (D) omsirkel het.

2. Onderstreep die eienaam in die onderstaande sin.

   Ons span besoek Bloemfontein volgende week.

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die woord ‘Bloemfontein’ onderstreep het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

1. Lees die onderstaande storie en beantwoord die vrae 1.1 tot 1.10.

### Waarom is die lug so ver

1. Ramon kyk na die kos op sy skinkbord en trek ‘n gesig. ”Al weer macaroni en kaas.” sê hy vir sy vriend Brian. “Hulle bedien nooit iets lekker vir middagete nie.”

2. Brian gee sy eie middagete ‘n kritiese kyk en frons. Hy sê:”Jy dink dit is sleg. Ek het weer grondboontjiebotter en jellie. Dit is die derde keer hierdie week.”

3. Hulle stoot die kos weg. “Ons kan iets kry by die ‘burger-plek’ na skool,” sê Ramon. Hulle konsentreer eerder daarop om vir hul Engelse toets te leer in plaas daarvan om te eet. Toe die klok lui, gooi hulle die middagete wat hulle nie geëet het nie, in die vullisblik. Mnr. Friedman het daar naby gestaan. “Nie honger nie, seuns?” het hy gevra. Hulle het net hul koppe geskud en haastig klas toe beweeg.

4. Mnr.Friedman het voor die klas gestaan “Voordat julle vandag huis toe gaan, wil ek ‘n ou Afrika volksverhaal met julle deel.  Dit word genoem ‘Waarom is die lug so ver’

5. Lank gelede, was die lug baie naby die aarde. Mans en vroue het nie nodig gehad om hul eie voedsel te plant nie. Wanneer hulle honger was, het hulle net hul hande opgesteek en ‘n stukkie van die lug afgebreek en dit geëet. Soms het die lug gesmaak soos ryp piesangs. Ander kere het dit gesmaak soos gebakte aartappels. Die lug het altyd lekker gesmaak.

6. Baie mense het nie die geskenk van die lug verstandig gebruik nie. Wanneer hulle geneem het meer as wat hulle kon eet, het die lug kwaad geword. Sommige mense het ‘n ekstra stuk in die vullisdrom gegooi.

7. Vroeg een oggend was die lug baie kwaad en dit het donker geraak. Swart, donker wolke het oor die land gehang en ‘n harde lugstem het met al die mense gepraat, “Julle het gemors met die kos wat ek vir julle gegee het. Ek gaan weg sodat julle nie meer kan mors nie”

8. Almal het gekyk hoe die lug van die aarde wegbeweeg.  Van daardie dag af, het die mense baie hard gewerk om hul eie kos te plant en te kook. Hulle het altyd hard probeer om nie die geskenke wat die natuur vir hulle gee, te mors nie.

9. “Wat dink julle van die storie?” het hy gevra. Hulle was baie skaam. “Ons kry die boodskap,” het hulle glimlaggend geantwoord. “Geen middagete meer in die vullisblik nie!”

[www.pearsonlongman.com]

1.1 Waar ontstaan die werklike begin van hierdie storie?

A In Mnr. Friedman se klas
B In die restaurant
C In Afrika
D In die skool biblioteek (1)

1. 2 Hoe voel die twee seuns oor hul middagete?

______________________________________________________ (1)

1.3 Hoeveel keer het Brain grondboontjiebotter en jellie gekry?

______________________________________________________ (1)

1.4 Warom het Mnr.Friedman vir die klas hierdie Afrika volksverhaal vertel?

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

1.5 Lees paragraaf 5 en sê of die volgende sin WAAR of VALS is.

Gee ʼn rede vir jou antwoord.

Mans en vrouens het regtig hard gewerk om hul eie kos te plant.

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

1.6 Volgens die verhaal, was die lug baie kwaad vir die mense, omdat hulle …

A die geskenk verstandig gebruik het.
B nie hule eie kos geplant het nie.
C die ryp piesangs en aartappels gemors het.
D gulsig was. (1)

1.7 Skryf neer ŉ sinoniem vir die woord ʼlekkerʼ (par 5).

________________________________________________ (1)

1.8 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende sin beteken.

Almal het gekyk hoe die lug wegbeweeg van die aarde af.

_____________________________________________________

_____________________________________________________ (2)

1.9 Aan die einde van die storie was daar ŉ verandering by die seuns.
Wat dink jy gaan Ramon en Brain volgende keer doen?

_________________________________________________________

_________________________________________________________ (2)

1.10 Skryf ʼn kort opsomming van die storie.Onthou om net die belangrike inligting neer te skryf.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

**[15]**

2. Lees die onderstaande gedig noukeurig en beantwoord die vrae.

**Internet-ouma**

1. My ouma is oulik, my ouma is pret
2. My ouma rits rond op die internet
3. Maar net toe ‘n virus die komper besmet,
4. word Internet-ouma se rondrits belet
5. Sy brom ongelukkig die hele dag lank
6. en praat jy van Facebook, begin sy te tjank
7. Sy drink nie haar pille nie, en eet nie haar kool nie
8. of vra eers hoe gaan dit, met my in die skool nie
9. En toe op ’n dag, is alles weer pluis
10. ’n ou oom kom kuier stil-stil by die huis
11. Vir ure lank praat hulle net koeitjies en kalfies
12. Hulle lyk so verlief, so half en halfies
13. My ouma het hom glo op Facebook gevind,
14. en Internet-oupa het nou nog ‘n kleinkind

Pieter Bantjies

2.1 Skryf neer ’n sinoniem vir die woord ‘tjank’ in versreël 6.

__________________________________________ (1)

2.2 Skryf neer twee rymwoorde uit versreëls 9 en 10.

__________________ rym met ________________ (1)

2.3 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

‘Praat jy van Facebook, begin sy te tjank’ is ’n voorbeeld van:

A metafoor
B vergelyking
C personifikasie
D alliterasie

(1)

2.4 Skryf ’n versreël uit die gedig neer wat vir ons sê dat haar ongelukkigheid verby gegaan het.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

2.5 Dink jy die ouma het op die ou end met die ou oom getrou? Hoekom sê jy so?

______________________________________________


______________________________________________ (2)

**[6]**

3. Bestudeer die volgende Sirkel Diagram en beantwoord die vrae wat volg.


**Voedsel wat die meeste gekoop word gedurende een week.**

**Figuur 1**




Tyd spandeer aan Huiswerk gedurende een week.

Figuur 2



3.1 Watter voedselsoort word die meeste gekoop en watter voedselsoort word die minste gekoop deur kliënte?

3.1.1 Meeste gekoop ______________________ (1)

3.1.2 Minste gekoop ______________________ (1)

3.2 Tussen Geskiedenis en Fisika, watter vak benodig meer tyd vir huiswerk?

__________________________________________________ (1)

3.3 Kyk na die kaart. Watter verskille is daar tussen Gesondheid en Biologie?

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B**

**TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

Lees die instruksies deeglik en beantwoord vrae 4.1 tot 4.11

4.1 Brain sê: “Jy dink dit is sleg.”

Skryf neer ‘n antoniem vir die woord ‘sleg’

_______________________________________________ (1)

4.2 Skryf die onderstaande sin in die teenwoordige tyd.

Hulle het hul middagete, wat hulle nie geëet het nie, in die vullisblik gegooi.

____________________________________________________________ (1)

4.3 Skryf neer die regte vorm van die woord tussen hakies.

Mr. Friedman het altyd vir die klas moeilike toetse (gee).

__________________________________________________ (1)

4.4 Gebruik hoofletters en leestekens in die onderstaande sin.

Een man met die naam adami was nie baie versigtig nie. (2)

4.5 Skryf neer die meervoud van die onderstreepte woord.

Wat dink jy van die <u>storie</u>?

________________________________________________ (1)

4.6 Skryf neer die onderwerp van die volgende sin.

Die koning en die mense het gebewe van vrees.

_________________________________________________ (1)

4.7 Verbind die volgende sinne met ‘n voegwoord.

Mense het hul tyd spandeer deur nuwe klere te maak.
Mense het mooi prente geteken.

____________________________________________________ (1)

4.8 Identifiseer enige twee selfstandige naamwoorde in die sin en skryf dit neer.

Ek wil geen stukke in die vullisdrom sien nie, anders neem ek my geskenk weg.

__________________________ en __________________________ (2)

4.9 Onderstreep ŉ byvoeglike naamwoord (4.9.1) in die onderstaande sin.

4.9.1 Hy neem so baie heerlike stukke lug en kan nie alles eet nie. (1)
Onderstreep ŉ bywoord (4.9.2) in die onderstaande sin.

4.9.2 Baie mense in die koninkryk het nie die geskenk van lug verstandig gebruik nie. (1)

4.10 Verander die volgende sin vanaf die direkte rede na die indirekte rede.

Mnr. Friedman het gevra: “Wat dink julle van die storie?”

Mnr.Friedman het gevra________________________________________

__________________________________________________________ (2)

4.11 Maak ŉ sin met die woord ‘verskoning’ om die betekenis aan te dui.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**

**GROOTTOTAAL: 40**